

12 November

Skrifgedeelte: Openbaring 2:1-7

Fokusgedeelte: Openbaring 2: 3 en 4

Ek weet alles wat julle doen!

Daar is baie dinge wat ons vir ons medemens kan wegsteek. Maar hier leer ons dat ons nooit iets vir die Here kan wegsteek nie. Nooit kan ons ons daade, ons woorde en gedagtes vir die Here wegsteek nie. Hy weet alles!

Die Here sê hier aan die gemeente in Efese: “Ek weet alles wat julle doen.” Die Here weet van hulle werk, arbeid en volharding. Hy weet ook hulle het valse apostels ontmasker en hulle aan die kaak gestel. Nieteenstaande al hulle beproewings het hierdie gemeente getrou gebly aan sy taak en roeping in hierdie wêreld. Op die oog af was hierdie gemeente 'n modelgemeente. Uiterlik was alles op die regte plek.

Maar dan praat die Here verder: “Ek het dit teen julle dat julle My nie meer so liefhet as vroeër nie.” Hierdie woorde was soos 'n dolksteek vir die gemeente.

'n Kerklidmaat kan byvoorbeeld baie getrou wees in die bywoning van eredienste, maar ten spyte daarvan nie toegewy aan die Here wees soos vroeër nie. So kan dit ook met jou wees. Jy kan byvoorbeeld 'n voorbeeldige lidmaat in die kerk wees, maar in jou persoonlike lewe kan jy ver van die Here af lewe.

Nooit kan ons iets vir die Here wegsteek nie. Hy weet alles. Daarom moet ons nie net met ons daade die Here dien nie, maar ook met ons harte en gedagtes. Ons moet terugkeer na ons eerste liefde en Hom liefhê bo alles.

Sing: Psalm 91:1 (1936-beryming)

Ds Peet J van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)